

26 Maart 2009

Jaargang 2 – Uitgawe 8

## In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Ekumeniese nuus
- Kommentaar
- Advertensie
- Agterblad

Teken in op e-Hervormer en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by [www.hervormer.co.za](http://www.hervormer.co.za) en klik op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan [karen@nhk.co.za](mailto:karen@nhk.co.za)

Stuur 'n e-pos met nuus en berigte aan die redaksie by [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za)



**Ons droom is dat alle mense in Jesus Christus sal glo as hoop vir die wêreld**

## Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk  
Die Hervormer  
e-Hervormer

[www.nhk.co.za](http://www.nhk.co.za)  
[www.hervormer.co.za](http://www.hervormer.co.za)  
[www.hervormer.co.za/e\\_Hervormer.html](http://www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html)



Toe Hy hulle voete klaar gewas het, sê Hy vir hulle:  
"Verstaan julle wat Ek vir julle gedoen het?"  
Uit Johannes 13: 12

## VOORBLAD

### God as gelukbringer

Die uitsprake van kerklui die afgelope dae dat God aan die ANC se kant is, wek ernstige kommer. In Mafikeng het Zuma aan 50 kerkleiers gesê: *Wie op dees aarde kan teen ons wees as God aan ons kant is?* Op die voorblad van *Beeld* van Maandag 23 Maart word 'n plakkaat gewys met die woorde: *Jacob Zuma – black Jesus*. Die ANC-president se besoek aan die Rhemakerk wek die indruk dat Zuma en sekere kerkleiers 'n berekende veldtog loods om kerklui se stemme te werf.

Die God-is-aan-ons-kant-sindroom is van altyd af 'n sluimerende versugting by die mens. In 1 Samuel 4 word die gebeure beskryf waar Israel teen die Filistyne oorlog maak en waar 4 000 manskappe met die eerste veldslag afgemaai is. As noodplan word 'n klompie manne onder leiding van Hofni en Pinehas na Silo gestuur om die verbondsark te gaan haal. Die bravade van die Israeliete toe die verbondsark in die laer opdaag, het aanvanklik vrees by die Filistyne ingeboesem maar hulle tog later tot die bitter einde laat veg. Vir Israel was die verbondsark 'n teken dat God aan hulle kant was. Hy was die gelukbringer – 'n soort *Jack-in-the-box* wat op die regte oomblik uit die ark moes spring en die vyand verlam van vrees. Met God aan hulle kant was 'n oorwinning vir Israel 'n uitgemaakte saak.

Watter mistasting was dit nie! Dit was eerder die Filistyne wat in die regte geloofstaal oor God gepraat het (verse 6-8). God het Hom nie laat intrek in hierdie spring-uit-die-arken-maak-skrik-speletjie nie. Die veldslag wat volg, was verwoestend en 30 000 soldate van die Israeliete sneuvel, ook Hofni en Pinehas, terwyl die verbondsark van die Here buitgemaak is. Toe Eli die skoknuus hoor, het hy agteroor van sy stoel af geval en gesterf, terwyl sy skoonogter uit skok in barendsnood gegaan het en sterwend haar seuntjie *Ikabod* noem, wat beteken: *Die eer is weggevat uit Israel, want die ark van God is gevat*.

Dit pas enige volk, politieke party, groepering of individu om opnuut kennis te neem dat God nie eensydig toegeëien kan word vir eie gewin of eie standpunte nie. God word nie onder luide toejuiging in 'n ark die eie laer ingedra om op die regte oomblik groot vrees en paniek te saai nie. God, die Allerhoogste, laat Hom nie inperk in mensgemaakte strukture nie. Wanneer 'n mens God probeer vasvang as party-lojalis of as persoonlike strydvoerder, grens dit aan afgodsdienste. Wie só met God omgaan, mag soos Israel ontdek dat dinge sleg teen hulle draai.

Kerkleiers moet groot omsigtigheid aan die dag lê om nie 'n eietydse afgodsdienste te skep nie. God word nie in mensgemaakte strukture vasgevang nie en ook beskik niemand oor Hom nie. Dit mag wel wees dat daar *Ikabod* oor hulle doen en late geskryf word – die eer is weggevat...

Ds André Ungerer



# BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak asseblief die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by [ernest.vaneck@up.ac.za](mailto:ernest.vaneck@up.ac.za) om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by [www.nhk.co.za](http://www.nhk.co.za) te plaas.

## Beroep ontvang

- **Prop Jan Claassen** na Strand
- **Ds Jaco Vogel** van Heidelberg na Rustenburg-Kloof

## Beroep aanvaar

- **Dr Ernest Marran** van Waterval Boven na Losberg

# PREDIKANTE EN GEMEENTES

- **Ds Fanie Beukes** (seun van ds Gert en Christene Beukes) **en sy vrou, Annette**, van Gemeente Wesmoot het op Maandag 23 Maart 'n babadogtertjie ryker geword. Anita Beukes is gesond en weeg 3,3 kg. Ds Fanie vra dat almal saam met hom en sy gesin verheug sal wees in die Here se genade, want aan sy liefde is daar geen einde nie!
- MJ Koekemoer (11 jaar), seun van **ds Johan en Wilna Koekemoer** van Gemeente Marble Hall, het tydens die SA Swemkampioenskappe 3 goue en 1 silwer medalje verwerf.
- **Ds Drikus Engelbrecht** van Windhoek se seun Rikus was in 'n motorongeluk betrokke. Ons is dankbaar dat hy nie ernstige beserings opgedoen het nie.
- Mev Babsie Botha, eggenote van **prof Schalk Botha**, ondergaan op 1 April 'n knieervanging. Sy en prof Botha word sterkte toegebied.
- **Prop Hendrik Breytenbach** is besig met doktorsale studies in Duitsland. Hy bring tans sy universiteitsvakansie in Pretoria by sy ouers deur.
- **Ds Flip Prinsloo** het op Sondag 22 Maart van Gemeente Rustenburg-Kloof afskeid geneem nadat hy besluit het om te emeriteer. Prof Theuns Dreyer, voorsitter van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV), het namens die Kerk dank aan ds Prinsloo betuig vir sy toegewyde werk in die Kerk. Ds Prinsloo en sy vrou vestig hulle in die Kaap en sal lidmate van Mosselbaai wees.
- **Ds Herman Gothan** en sy vrou, Alida, neem op Sondag 29 Maart afskeid van Gemeente Utrecht waar hy gewerk het sedert sy hertoelating tot die evangeliebediening in 2005. Die vertrek van ds Gothan uit die ring van Noordelike Natal is 'n gevoelige verlies, aangesien die predikante min is. Hy was ook die ringskriba. Ds en mev Gothan word in April in hulle nuwe gemeente, Heilbron, ontvang.
- **Ds Eksteen Botes** van Gemeente Nelspruit, wat die Afrika-bediening namens die Kerk behartig, is tans in Uganda waar hy op uitnodiging die Afrikaanssprekende lidmate van verskillende kerke besoek en eredienste hou. Die besoek strek oor 'n week en sluit twee Sondae in. Hy het op 20 Maart vertrek en keer weer op Maandag 30 Maart terug. Die lidmate finansier self die besoek. Ds Botes besoek later vanjaar die lidmate in Paraguay.
- **Ds Thys Redelinghuys** en sy vrou, Hermien, besoek vanaf Donderdag 26 Maart die lidmate in Harare. **Ds Wikus van der Merwe** en sy vrou, Annatjie, vergesel hulle op die besoek. Ds Van der Merwe sal help met die eredienste. Hulle neem ook kosvoorrade en medikasie saam, en keer terug op Maandag 30 Maart.
- **Dr Frans Boshoff** van Gemeente Ermelo-Suid is in Australië op besoek aan sy kinders wat daar werk as medici. Hy sal ook eredienste daar waarneem.
- Die volgende **predikante verjaar gedurende die komende week**, en word van harte gelukgewens:
  - Donderdag 26 Maart: Emerituspredikante Dirk Stoltz en Anton Swanepoel.
  - Vrydag 27 Maart: Ds Barry van Schalkwyk.
  - Saterdag 28 Maart: Di Mariëtte Robbertze en Jaco van Sittert.
  - Sondag 29 Maart: Di Jan-Harm Barkhuizen, Petri van Rooyen en dr Frans Boshoff.
  - Maandag 30 Maart: Ds Thomas Dreyer van Durban.
- **Gemeente Alberton** het vir die eerste keer in sy geskiedenis 'n tweede standplaas geskep. Dit is 'n deelydse standplaas waarheen prop Tanya Zwarts beroep is. Ds Pieter Viljoen is reeds sedert 1986 predikant van die gemeente.



- Tydens die vergadering van die Kommissie van die AKV op 5 en 6 Maart is **Gemeente Allanridge** ontbind.
- **Gemeente Breyten** vier op Sondag 29 Maart die 30ste bestaansjaar van sy kerkgebou. Alle oudlidmate en belangstellendes word uitgenooi na 'n feesediens om 09:30, waarna die gemeente saam gaan kuier. Laat weet asseblief of u die geleentheid gaan bywoon. Kontak die skriba, oudl Hendrik de Villiers, by 017 861 3450 of 082 939 8292, of ds Jasper van der Westhuizen by 013 293 0084 of 083 415 2555.
- Op Saterdag 2 Mei om 09:00 bied **Gemeente Delareyville** die **Genl Delareyfees** aan. Die gaskunstenaar is Bok van Blerk en die toegang is gratis. Die dag bied iets vir almal – 'n veiling met unieke artikels, hope hoë kwaliteit vleis teen billike pryse, en 'n verskeidenheid lekkernye om aan te smul. Daar is ook vermaak vir die kinders, en 'n kompetisie met as 1ste prys 10 topverse en 'n bul of R35 000, 2de prys 10 skaapooie of R6 000, en 3de prys 'n koedoe en 'n blesbok. Vir meer inligting of om 'n kompetisiekaartjie te koop, kontak ds Leslie Kern by 083 588 1332, Willie Naudé by 083 411 7795, Charles Olivier by 082 524 9091, of die gemeentelike kerkkantoor by 053 948 1992.
- Die ring van Bloemfontein is vanjaar die eerste ring wat vergader, op 17 April in Bloemfontein. Lede van die Kommissie van die AKV woon die ringsvergaderings by. Inligting daarvoor is reeds aan ringskribas gestuur saam met die inligtingsdokumente van die Kommissie en die Raad van Finansies. Die ringsvergaderings vind op die volgende datums en plekke plaas:
  - Ring van Bloemfontein: 17 en 18 April, Gemeente Bloemfontein
  - Ring van Bothaville: 6 Junie, Gemeente Kroonstad
  - Ring van Brakpan: 31 Mei en 6 Junie, Gemeente Sundra
  - Ring van Bronkhorstspuit: 1 Junie, Gemeente Suidoos-Witbank
  - Ring van Chrissiesmeer: 2 Junie, Gemeente Ermelo
  - Ring van Dorsland: 23 en 24 April, Gemeente Namibkus
  - Ring van Germiston: 10 Mei, Gemeente Boksburg
  - Ring van Heidelberg: 16 Mei, Gemeente Vrede
  - Ring van Heilbron: 6 Junie, Gemeente Harrismith
  - Ring van Johannesburg: 13 Junie, Gemeente Randburg
  - Ring van Klerksdorp: 21 Junie, Gemeente Stilfontein
  - Ring van Krokodilrivier: 11 Mei, Gemeente Hartebeestpoort
  - Ring van Krugersdorp: 3 en 4 Mei, Gemeente Krugersdorp (opening) en Gemeente Krugersdorp-Noord (vergadering)
  - Ring van Laeveld: 20 Junie, Gemeente Kampersrus
  - Ring van Losberg: 9 Mei, Gemeente Westonaria
  - Ring van Lydenburg: 29 Mei, Gemeente Witrivier
  - Ring van Maquassi: 9 Junie, Gemeente Leeudoringstad
  - Ring van Middelburg: 2 Junie, Gemeente Middelburg
  - Ring van Noordelike Natal: 23 Mei, Gemeente Utrecht
  - Ring van Noordelike Pretoria: 5 en 6 Junie, Gemeente Wonderboom
  - Ring van Noord-Kaapland: 8 en 9 Mei, Gemeente Vryburg
  - Ring van Oos-Kaapland: 16 Mei, Gemeente Oos-Kaapland
  - Ring van Pietermaritzburg: 23 Mei, Gemeente Pinetown
  - Ring van Potchefstroom: 10 tot 12 Mei, Gemeente Potchefstroom-Studente
  - Ring van Potgietersrus: 9 Mei, Gemeente Ebenhaézer
  - Ring van Pretoria: 24, 25 en 26 Mei, Gemeente Philadelphia
  - Ring van Pretoria-Noord: 1 Junie, Gemeente Hartebeeshoek
  - Ring van Pretoria-Wes: 18 en 19 Mei, Gemeente Verwoerdburg
  - Ring van Roodepoort: 31 Mei, Gemeente Witpoortjie
  - Ring van Rustenburg: 17 en 18 Mei, Gemeente Rustenburg-Suid
  - Ring van Swellendam: 18 April, Gemeente Oudtshoorn
  - Ring van Trichardtsfontein: 31 Mei, Gemeente Secunda
  - Ring van Vereeniging: 9 Mei, Gemeente Meyerton-Suid
  - Ring van Waterberg: 10 Junie, Gemeente Naboomspruit
  - Ring van Wes-Kaapland: 6 Junie, Gemeente Kaapstad
  - Ring van Zeerust: 23 Mei, Gemeente Ventersdorp
  - Ring van Zoutpansberg: 9 Junie, Gemeente Oostelike Pietersburg
  - Ring van Zuurfontein: 9 Mei, Gemeente Zuurfontein

## 'n Besondere prestasie

- Dr Wim Dreyer laat weet dit was 'n wonderlike geleentheid Sondag 22 Maart toe **Alwyn Botlhoko** in Setlagole in die verre Wes-Transvaal georden is. Hy het reeds 'n stewige gemeente opgebou en 'n kerk gebou voordat hy bevestig is – nie sleg vir ses maande se werk nie! Dit alles met feitlik geen finansiële insette van die NHKA nie – hoewel ds



Theuns Botha van Ottosdal fenomenale werk in die Wes-Transvaal doen. Die beleid wat die laaste AKV goedgekeur het, naamlik van vennootskaplike apostolaat op gemeentelike vlak, is besig om (menslik gesproke) onverwagte resultate te lewer. Maar ons weet – dit bly steeds God se werk.

Volgens dr Wouter van Wyk het Alwyn se ma vroeër jare by ds Marius Bacon gewerk; ds Bacon het dus waarskynlik indirek 'n positiewe invloed op Alwyn uitgeoefen. Die Ringsraad vir Apostolaat van Roodepoort het verlede jaar sy laaste paar rand studieskuld by AIM betaal sodat hy suksesvol kon afstudeer. Om dus nou te lees dat hy georden is, en dat hy al soveel vordering maak met sy werk in die bediening, gee beslis vir 'n hele klomp mense groot rede tot dankbaarheid. Dit dien ook as aanmoediging vir lidmate, predikante, gemeentes en ringsrade om prakties by die MRCC betrokke te raak.

## ANDER NUUS

- **Die Afrika Instituut vir Missiologie (AIM)** het onlangs danksy die bydraes van 'n private donateur omtrent 200 Bybels in verskillende swart tale aangekoop. Daar is op 28 Maart by die Kerkkantoor 'n nasionale byeenkoms van die MRCC se jeug. Twee jeuglede uit elke gemeente van regoor die land kom byeen. AIM sal seker maak dat elke afgevaardigde oor 'n eie Bybel beskik. Wat oorbly, sal weer aan AIM-studente gegee word vir hulle direkte familieledes wat nie Bybels het nie. Indien daar nog beskikbaar is, sal dit aan predikante van die MRCC gegee word wat Bybels gevra het vir lidmate van hulle gemeentes. Daar bestaan steeds 'n groot behoefte, en AIM hoor graag indien daar nog persone en gemeentes is wat tot die projek wil bydra. Mense wat by die projek betrokke wil raak, kan prof Natie van Wyk, direkteur van AIM, kontak by 082 903 5460 of [aim1@mweb.co.za](mailto:aim1@mweb.co.za).
- **to care** het kaartjies beskikbaar vir die vertoning *Klassieke Chameleon* in Carnival City se Big Top Arena op Vrydag 17 April om 20:00. Sien Chris Chameleon soos nooit tevore! Betaal **R140 vir 'n R170 sitplek!** Die aanbod is ten bate van die to care foundation. Skakel Linda Fatcher by 012 322 8885 om kaartjies te bespreek.
- Ds Herman van den Berg het op die Gespreksforum van die Kerk se webblad 'n ruimte geskep waar mense **terugvoer kan gee oor die Kerk se publikasies**. Gaan na <http://www.nhk.co.za/forums/nhk/> (u moet 'n aangetekende leser van die Gespreksforum wees, maar dis maklik en vinnig om daarop in te teken).
- Al meer lidmate teken in op die weeklikse gratis *e-Hervormer*, en die getal amptelike intekenaars is nou reeds 1 294. Besoek gerus *Die Hervormer* se webblad, [www.hervormer.co.za](http://www.hervormer.co.za), volg die skakel na *e-Hervormer*, en lees al die vorige uitgawes.

## EKUMENIESE NUUS

### Die komende algemene verkiesing

**Verteenwoordigers van Kerke van die Lutherse en Gereformeerde tradisies wat by die Conventus van 2 tot 4 Maart 2009 ontmoet het, doen die volgende verklaring met betrekking tot die komende algemene verkiesing:**

Ons is aan die vooraand van 'n baie belangrike algemene verkiesing in ons land. In sommige gebiede in ons land is daar gretige afwagting op hierdie belangrike gebeure; in ander gebiede is mense baie bekommerd oor intimidasie en geweld.

Ons doen 'n beroep op ons regering en alle gesagsliggame wat betrokke is by die beplanning en uitvoering van die verkiesing om alles moontlik te doen om te verseker dat geweld en intimidasie aan bande gelê word en 'n vrye en regverdige verkiesing kan plaasvind.

Ons doen 'n beroep op politieke partye en almal aktief betrokke by die verkiesingsveldtogte om hulle daarvan te weerhou om hulle ondersteuners aan te hits, hulle aan te moedig om hulle opponente te respekteer en om vrye inligtingsdebatte oor hulle beleide en die geskiktheid van hulle kandidate vir leierskap toe te laat.

Ons doen 'n beroep op die burgers van ons land om inligting te bekom oor die verskillende partye en kandidate, noukeurig na verkiesingstoesprake te luister, asook na die beleide wat aangebied word om onreg te herstel, korrupsie te bekamp, misdaad te beveg, toereikende gesondheidsorgfasiliteite daar te stel, toereikende onderwys te verseker, werksgeleenthede te skep, armoede te verlig en omgewingsbewaring in die hand te werk. Dit is die reg en ook die morele plig van burgers om hulle stemme uit te bring nadat hulle al die opsies wat aan hulle gebied is, noukeurig oorweeg het.

Ons doen op ons predikante in die gemeentes 'n beroep om daarop te wys dat die Christelike geloof nie aan ons die reg gee om kandidate óf te demoniseer óf te vergoddelik nie, en op die aanvoerdere van veldtogte om hulle daarvan te weerhou om Bybeltaal of -konsepte te gebruik wanneer hulle kandidate en hulle visies vir die toekoms van ons land voorstel.

Suid-Afrika is 'n verklaarde konstitusionele staat. Die onderskeie howe is daar om te waak daarteen dat selfs die





regeerders die Grondwet en wette van die land ondermyn. Ons is bekommerd oor die baie gevalle waar die gedrag van regeringsamptenare daarop dui dat hulle hul verhewe bo die reg beskou, en doen 'n beroep op politieke partye om hulle van sulke praktyke te distansieer.

Ons is bewus van die feit dat baie Suid-Afrikaanse burgers op stembag tydelik buite die landsgrense sal wees en doen 'n beroep op die regering en die Onafhanklike Verkiesingskommissie om te verseker dat soveel moontlik van hierdie burgers in staat sal wees om hulle stemme uit te bring.

Ons verbind ons daartoe om oor hierdie kwessies te preek en te onderrig sonder om misbruik te maak van ons kansels vir partypolitieke doeleindes, en ons verbind ons daartoe om vir ons land, sy leierskap en al sy burgers, die komende verkiesing en die vorming van 'n nuwe regering te bid.

Mag God se seën op Suid-Afrika rus!

## KOMMENTAAR

“ Ek vind die *e-Hervormer* 'n uitstekende vorm van gereelde en vinnige kommunikasie met lidmate. Baie dankie daarvoor. Ek het egter opgemerk dat daar nie voorsiening gemaak is vir leserskommentaar in die vorm van 'n briewekolom nie. In *Die Hervormer* is daar wel so 'n kolom, terwyl die Internet-gespreksforum ruim voorsiening maak vir debatvoering, maar ongelukkig is daar in laasgenoemde geval tans slegs 48 ingeskrewe lede, met bitter min gesprekvoering. Die trefkrag van die *e-Hervormer* is na my mening dus baie wyer en varser as enigeen van die ander kerklike publikasies. Ten einde te voorkom dat die *e-Hervormer* slegs eenrigtingkommunikasie is, stel ek voor 'n lesersbrieweblad word oorweeg vir invoeging.”

**Len Loader  
Bellville**

### Die redaksie antwoord:

Ons het reeds verskeie kere kort briewe of uittreksels uit skrywes onder KOMMENTAAR in die *e-Hervormer* geplaas. Tans plaas ons dit dikwels in die kantstrook. Enigeen is dus welkom om te korrespondeer, maar ons gaan nie debatte voer in die weeklikse blitspos-nuusbrief nie. Dit is juis waarom die Gespreksforum op die Kerk se webblad ingestel is.

## ADVERTENSIE

**Wil u graag 'n paar rand maak vir u gemeente, jeug of bejaardes, maar u weet nie hoe nie? Kontak Fanie vir 'n vertoning. Ek doen dit nie as 'n werk nie maar as 'n stokperdjie, daarom is my vertonings baie bekostigbaar maar tog professioneel. Kontak Fanie Beukes by 073 167 1183 vir besprekings en navrae.**

## AGTERBLAD

### In die wêreld maar nie van die wêreld

**Die April 2009-uitgawe van *Die Hervormer* is nou beskikbaar.**

Hierdie uitgawe wil iets weerspieël van die feit dat ons kerk is te midde van die wêreld. In sy redaksionele berig skryf dr Gerhard Lindeque soos volg: *Terwyl daar woelinge rondom ons is, gaan God voort met sy kerk se werk. U kan daarvan lees op die vele terreine van kerkwees. Die beste voorbeeld daarvan dat ons kerk in die wêreld is, kom in die Kerk se finansiële situasie na vore. Soos die res van die samelewing is ons in die Kerk ook genoodsaak om te bespaar. Tog is God altyd by sy kinders waar ons ons ook al bevind, van ons jeugdige krag op die sportveld tot in ons grysheid. Soms moet ons soos sout wees wat die aangename smaak van God se liefde haas onsigbaar versprei, en soms moet ons weer die lig van God helder laat skyn in 'n donker en verwarde wêreld.*

Lees ook van die gesprek wat onlangs met WARC gevoer is, die reaksie daarop deur vyf teoloë van die Kerk, en terugvoer oor die nuwe Diensboek. Besoek die webblad [www.hervormer.co.za](http://www.hervormer.co.za) om meer te lees oor hierdie en vorige uitgawes van *Die Hervormer*. *Die Hervormer* is teen R70 vir 11 uitgawes beskikbaar. Kontak mev Cecile Naudé by 012 322 8885 of [sentik@nhk.co.za](mailto:sentik@nhk.co.za) as u daarop wil inteken.

Ons droom is  
dat alle mense  
in Jesus Christus sal glo  
as hoop vir die wêreld

Redakteur: Dr Gerhard Lindeque  
Subredakteur: Ds André Ungerer  
Kerknuus: Dr Fanie Pretorius  
Teksvorsorger: Mev Tessa Oppermann  
Uitlegkunstenaar: Mej Francis Coertse